

Evangelisasie

Is jy onseker oor HOE om die evangelie boodskap te verkondig?



‘n Eenvoudige en Praktiese Hulp om die Evangelie Boodskap met Vrymoedigheid te Verkondig

Ds. Franz F.J. Greffrath

Inhoudsopgawe

1. Die Evangelie

- a. Die Boublokke van die Suiwer Bybelse Evangelie
- b. 'n Evaluasie van Vier Valse Evangelies
 - i. *Die Voorspoed Teologie Boodskap*
 - ii. *Die Vakuum-In-Jou-Binneste Boodskap*
 - iii. *Die Jesus-Plus Boodskap*
 - iv. *Die Alle-Paaie-Lei-Na-Rome Boodskap*
- c. 'n Evaluasie van die Suiwer Bybelse Evangelie

2. Evangelisasie Metodes & Geleenthede

- a. Evangelisasie Metodes
 - i. *Verhouding-bou Evangelisasie*
 - ii. *Konfrontasie Evangelisasie*
- b. Evangelisasie Geleenthede
 - i. *Ontwrigtende Verandering*
 - ii. *Ontwrigtende Pyn*

3. Die Verkondiging van die Evangelie

- a. Inleidende Gesprek
 - i. *Algemene Onderwerp*
 - ii. *Persoonlike Onderwerp*
 - iii. *Geestelike Onderwerp*
- b. Ondersoekende Vrae
 - i. *Sekerheid?*
 - ii. *Basis van Sekerheid?*

c. Boublokke van die Evangelie

i. God se Heiligheid

ii. Ons Sondagheid

iii. God se Oplossing

iv. Ons Reaksie

d. Leiding tot 'n Oorgawe

i. Begripsvraag?

ii. Bereidheidsvraag?

e. Gebed

f. Eerste Treë

4. Die Waarde van 'n Persoonlike Getuienis

a. Die Drie Aspekte van 'n Persoonlike Getuienis

b. Wenke vir die Voorbereiding van 'n Persoonlike Getuienis

c. 'n Voorbeeld van 'n Persoonlike Getuienis

5. Laaste Opmerkings

6. Uitreik

Addendum: Evangelieverkondiging Boekmerk

- TEKSTE OM TE MEMORISEER -

1 Joh.5:13	Jes.6:3	1Pet.1:15-16	Rom.14:12
Ps.51:7	Rom.3:23	Joh.14:6	Rom.6:23a
Joh.1:1, 14	1Pet.3:18	Jes.53:6	Rom.4:25
Joh.1:12	Spr.28:13	Ef.2:8-9	1Joh.2:4-6
Rom.10:13	<i>(Rom.3:24)</i>	<i>(Jes.55:6-7)</i>	<i>(Mar.1:14-15)</i>

Besoek gerus Antipas Gereformeerde Baptiste Gemeente se webtuiste

(www.antipaspretoria.org.za)

en laai hierdie werkstuk af onder die titel:

“Evangelisasie Werkswinkel”

“Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig”
(Handelinge 8:4)

1. Die Evangelie

Die Here Jesus Christus het aan elkeen van Sy dissipels 'n duidelike mandaat gegee: “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het” (Matt.28:19). Hierdie opdrag om dissipels te maak begin by die verkondiging van die evangelie boodskap aan 'n verloregeande wêreld (Mar.16:15-16).

Die evangelie boodskap is die goeie nuus dat God, deur genade, redding skenk van Sy komende oordeel oor sonde aan elkeen wie bereid is om tot bekering te kom van hul sondes en hul geloof te plaas in die verlossingswerk van die Here Jesus Christus. Gegewe die gesaghebbende aard van hierdie mandaat, is elkeen van die Here Jesus Christus se dissipels aanspreeklik om voortdurend besig te wees met evangelieverkondiging.

'n Akkurate kennis omtrent die suiwer Bybelse evangelie boodskap is noodsaaklik vir die dissipels van ons Here Jesus om hierdie mandaat getrou uit te voer, sowel as om die valse en verdoemende weergawes van die evangelie boodskap, waarmee die vyand derduisende welbedoelende mense onbewustelik mislei, uit te ken.

a. Die Boublokke van die Suiwer Bybelse Evangelie

Die Bybel gee te kenne dat die Here Jesus Christus en Sy apostels op verskeie geleenthede die evangelie verkondig het. Hierdie preke het vier elemente in gemeen, wat eksplisiet of implisiet in die Bybelse teks voorkom. Hierdie vier elemente vorm die fundamentele boublokke van die suiwer Bybelse evangelie boodskap. Indien een van hierdie elemente weggelaat sou word, of indien enigiets bygevoeg sou word, sou dit nie meer die suiwer Bybelse evangelie boodskap wees nie. Hierdie vier elemente is:

- ***God is heilig*** en vereis heiligheid van Sy skepsels.
- ***Die mens is sondig*** en as sulks onder 'n heilige God se veroordeling.
- ***God se oplossing*** vir die mens se sondeprobleem is dat Hy, vanweë Sy liefde, vir sondaars redding van Sy komende oordeel oor sonde bewerkstellig het deur die verlossingswerk van die Here Jesus Christus.
- ***Die mens se reaksie*** om hierdie redding deelagtig te word en die ewige lewe te ontvang is bekering en geloof.

b. ‘n Evaluasie van Vier Valse Evangelies

Alreeds in die eerste eeu was daar valse en verdoemende weergawes van die evangelie boodskap gepropageer, waardeur die vyand derduisende welbedoelende mense mislei het (Gal.1:6-9). Dit is nogsteeds die geval vandag. Alhoewel ‘n akkurate kennis van die suiwer Bybelse evangelie boodskap die nodige onderskeid behoort te bied om hierdie valse evangelies uit te ken, is dit steeds wys om kennis te neem van die vier mees prominente valse evangelies wat gepropageer word vandag:

i. Die Voorspoed Teologie Boodskap

Die kern van hierdie dwaling is: “God het jou lief en wil jou seën. Kom na Jesus toe en Hy sal jou van fisiese siektes, pyn, armoede en ‘n sukkelende bestaan verlos en jou gesond, ryk en voorspoedig maak.”

Hierdie is ‘n valse evangelie vir die volgende redes:

- **Fokus:** Mensgesentreerd. Ek en my fisiese behoeftes is van primêre belang, terwyl die Here Jesus Christus verneder word tot ‘n posisie gelykstaande aan ‘n genie.
- **Rede vir die kruis:** Om aan my ‘n meer gemaklike lewe in hierdie wêreld te bied deur ‘n einde te maak aan my fisiese siektes, pyn, armoede en sukkelende bestaan.
- **Vereiste wat gestel word:** Geen.
- **Verwagting wat geskep word:** God gaan my gesond, ryk en voorspoedig maak.
- **Ontnugtering:** Die Here Jesus Christus het nêrens belowe dat die Christen nooit weer fisiese siekte, pyn, armoede of ‘n sukkelende bestaan sal beleef nie. Wanneer bogenoemde verwagting nie realiseer nie, sal die persoon tot die gevolgtrekking kom dat die evangelie boodskap onwaar is en uiteindelik die rug op die Here Jesus Christus draai.
- **Probleem:** Hierdie valse evangelie maak van ‘n byvoordeel ‘n fundamentele aspek van die evangelie boodskap.

ii. Die Vakuum-In-Jou-Binneste Boodskap

Die kern van hierdie dwaling is: “God het jou geskep met ‘n vakuum in jou binneste wat net Hy kan vul. Kom na Jesus toe en Hy sal jou van eensaamheid, gebrokenheid en terneergedruktheid verlos, sodat jy ware innerlike harmonie kan geniet.”

Hierdie is ‘n valse evangelie vir die volgende redes:

- **Fokus:** Mensgesentreerd. Ek en my emosionele behoeftes is van primêre belang, terwyl die Here Jesus Christus verneder word tot 'n posisie gelykstaande aan 'n genie.
- **Rede vir die kruis:** Om aan my 'n meer gemaklike lewe in hierdie wêreld te bied deur 'n einde te maak aan my emosionele uitdagings.
- **Vereiste wat gestel word:** Geen.
- **Verwagting wat geskep word:** Ek gaan nooit weer negatiewe emosies beleef nie.
- **Ontnugtering:** Die Here Jesus Christus het nêrens belowe dat die Christen nooit weer negatiewe emosies gaan beleef nie. Wanneer bogenoemde verwagting nie realiseer nie, sal die persoon tot die gevolgtrekking kom dat die evangelie boodskap onwaar is en uiteindelik die rug op die Here Jesus Christus draai.
- **Probleem:** Hierdie valse evangelie maak van 'n byvoordeel 'n fundamentele aspek van die evangelie boodskap.

iii. Die Jesus-Plus Boodskap

Die kern van hierdie dwaling is: “Bekering en geloof in die Here Jesus Christus se verlossingswerk is noodsaaklik, maar nie genoegsaam om jou te red nie. Jy moet die Here Jesus Christus se verlossingswerk aanvul deur... [*godsdienstige werke vir redding*]”

Hierdie is 'n valse evangelie vir die volgende redes:

- **Fokus:** Mensgesentreerd. Ek en my godsdienstige werke is van primêre belang. Die Here Jesus Christus word verneder tot die neerhalende posisie van 'n impotente hulpverlener, wie my bloot moet bystaan om my eie redding te probeer verdien deur godsdienstebeoefening. In hierdie geval verblind hoogmoed my vir my geestelike bankrotskap voor God en verhoed dat ek myself verneder om God se redding uit genade en deur geloof alleen te ontvang.
- **Rede vir die kruis:** Om redding moontlik te maak, maar nie 'n sekerheid nie.
- **Vereiste wat gestel word:** 'n Ondraagbare las word op die sondaar geplaas om op te leef na God se standaard van volmaakte heiligheid en op hierdie wyse redding te probeer verdien.
- **Verwagting wat geskep word:** Indien ek hard genoeg werk en die regte dinge 'doen' kan ek vir myself redding verdien. Die groot veranderlike is natuurlik: wanneer het ek genoeg gedoen om my redding te verdien...? Geen menslike werke is ooit goed genoeg om aan God se standaard van volmaakte heiligheid

te voldoen en sodoende my redding te verseker nie (Jes.64:6; Rom.3:10-20). Gevolglik is sekerheid van saligheid onmoontlik.

- **Ontnugtering:** Die aanvanklike ywer waarmee die sondaar vir sy redding begin werk, kwyn gou en kort voor lank sal die persoon tot die besef kom dat daar iets drasties verkeerd is met sy natuur, wat voortdurend neig tot sonde, en dat hy gevolglik nie die vermoë besit om op te leef na God se standaard van volmaakte heiligheid nie. Hy sal tot die verdere gevolgtrekking kom dat die evangelie boodskap redding buite sy bereik plaas en uiteindelik die rug op die Here Jesus Christus draai.
- **Probleem:** Hierdie valse evangelie verwar regverdigmaking met heiligmaking en maak van goeie werke, wat 'n vrug van redding is, 'n vereiste vir redding.

iv. Die Alle-Paaie-Lei-Na-Rome Boodskap

Die kern van hierdie dwaling is: “Alle godsdienste soek en strewe op hul eie manier na dieselfde verhewe opperwese, naamlik god. Die Christen, Boeddhis, Hindoe, Moslem, Mormoon, Jehova Getuie, Ou- en Nuwe Apostel is elkeen deel van 'n universele broederskap, wat staan onder die universele vaderskap van 'n liefdevolle en verdraagsame god, wie alle sonde uiteindelik sal oorsien en almal verwelkom in sy hemel.”

Hierdie is 'n valse evangelie vir die volgende redes:

- **Fokus:** Mensgesentreerd. Ek en my verwronge begrip van liefde en eenheid, wat voortvloei vanuit 'n verwronge godsbeskouing, is van primêre belang. Die Here Jesus Christus word verneder tot die neerhalende posisie van slegs nog een vanuit vele maniere waarop die mens sy weg tot die verhewe opperwese kan vind.
- **Rede vir die kruis:** Om 'n voorbeeld van selflose liefde vir alle mense te stel.
- **Vereiste wat gestel word:** Geen.
- **Verwagting wat geskep word:** God skenk universele redding aan alle mense sonder uitsondering en maak geen aanspraak op hul lewens nie.
- **Ontnugtering:** Die skok om by die laaste oordeel vanaf die regverdige Regter te moet hoor: “Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtheid werk” (Matt.7:23).
- **Probleem:** Hierdie valse evangelie ontken die eksklusiwiteit van die suiwer Bybelse evangelie, sowel as die vereistes van bekering en geloof.

c. 'n Evaluasie van die Suiwer Bybelse Evangelie

In die lig van bogenoemde bespreking kan die suiwer Bybelse evangelie nou evalueer word:

- **Fokus:** Godgesentreerd. God se eer, heiligheid en liefde is van primêre belang, en die mens word gedelegeer tot die posisie van verdorwe sondaar.
- **Rede vir die kruis:** God se heiligheid en liefde word gedemonstreer deur die plaasvervangende kruisdood van die Here Jesus Christus, waardeur God vir die sondaar verlossing van sonde en sodoende versoening met Homself bewerk het.
- **Vereiste wat gestel word:** Bekering van sondes en geloof in die verlossingswerk van die Here Jesus Christus.
- **Verwagting wat geskep word:** God skenk aan my redding en die ewige lewe.
- **Ontnugtering:** Geen, want die hoop op die suiwer Bybelse evangelie boodskap beskaam nie (Rom.5:1-2, 5).
- **Probleem:** Geen.

2. Evangelisasie Metodes en Geleenthede

a. Evangelisasie Metodes

Daar is nie 'n regte of verkeerde metode wanneer dit kom by evangelieverkondiging nie. In die Bybel tref ons twee primêre metodes aan wat ons kan naboots:

i) Verhouding-bou evangelisasie

Dit is wanneer jy doelbewustelik 'n verhouding met 'n ongelowige aanknoop vir die doel om die evangelie boodskap aan hom of haar te verkondig. Die idee is om die persoon se vertrouwe te win, sodat jy op 'n latere en meer geleë stadium die evangelie boodskap aan hom of haar kan verduidelik. Dit kan wees met 'n familielid, vriend, buurman, kollega of kennis. Bybelse voorbeelde van verhouding-bou evangelisasie sluit in:

- Andreas lei sy broer Petrus na Jesus (Joh.1:41-42);
- Filippus lei sy vriend Natanael na Jesus (Joh.1:45-50);
- Die Samaritaanse vrou lei haar bure na Jesus (Joh.4:28-30, 39);
- Matteus lei sy werkskollegas na Jesus (Ma.2:14-15).

ii) Konfrontasie evangelisasie

Dit is wanneer jy nie noodwendig daarop uit is om 'n verhouding te bou met die persoon aan wie jy die evangelie wil verkondig nie. Die idee is om soveel moontlik geleenthede te skep, sowel as om elke moontlike geleentheid aan te gryp, om die evangelie te verkondig. Dit kan gedoen word in 'n inkopiesentrum of parkeerarea, op 'n bus, vliegtuig of die straat, en selfs tydens evangelisasie uitreike buite nagklubs, by skole, ouetehuse, weeshuse, polisiestasies, klinieke en hospitale. Bybelse voorbeelde van konfrontasie evangelisasie sluit in:

- Jesus aan die Samaritaanse vrou (Joh.4:4-26);
- Petrus aan die Joodse skares (Hand.2:14-41);
- Filippus aan die Ethiopiër (Hand.8:26-39);
- Paulus aan die handelaars en Griekse filosowe (Hand.17:16-34).

b. Evangelisasie Geleenthede

Volgens die Here Jesus Christus se gelykenis van die saaiër (Mar.4:1-20) is dit duidelik dat nie alle mense altyd ewe ontvanklik is vir die evangelie boodskap nie. Gewoonlik is mense die mees ontvanklik vir die evangelie boodskap wanneer hulle ontwrigtende omstandighede beleef. Dit sluit in tye van:

i) Ontwrigtende Verandering, soos byvoorbeeld 'n getroude paartjie wie 'n eersteling verwag, 'n gesin wat nuut intrek in die gemeenskap, 'n individu wie afgelê is by die werk of met 'n terminale siekte gediagnoseer word.

ii) Ontwrigtende Pyn, soos byvoorbeeld 'n paartjie met ernstige huweliksprobleme, ouers met 'n probleem kind, 'n gesin met finansiële uitdagings, 'n familie wat 'n geliefde aan die dood afgestaan het of individue wie worstel met verslawing.

Let op na die omstandighede van die ongelowiges wie God rondom jou geplaas het en gryp doelbewustelik die geleenthede aan waar ontwrigting beleef word om die evangelie boodskap te verkondig.

Ontwrigtende omstandighede kan gebruik word as aanknopingspunt om ongelowiges bewus te maak van hul veel groter sondenood, waarvoor hulle onder die regverdige toorn en komende veroordeling van God staan (Ef.2:3), en waarvoor hulle 'n Verlosser nodig het. Op hierdie wyse maak ontwrigtende omstandighede ongelowiges ontvanklik vir die evangelie boodskap en ryp om hul toevlug te neem na die enigste Bron van verlossing en hoop, naamlik, ons Here Jesus Christus.

3. Die Verkondiging van die Evangelie

a. Inleidende Gesprek

Alhoewel daar niks mee verkeerd is om aan iemand direk te vra: ‘Kan ek met jou die goeie nuus omtrent Jesus Christus deel?’ nie, is dit dikwels meer wys om die verkondiging van die evangelie in te lei.

Ons kommunikeer daaglik met verskillende mense op verskillende vlakke van intiemheid, vanaf ‘n onpersoonlike gesprek oor ‘n algemene onderwerp tot ‘n baie meer intieme gesprek oor my persoonlike of geestelike lewe. Die mikpunt van ‘n inleidende gesprek is om die gesprek te lei vanaf ‘n algemene onderwerp tot ‘n persoonlike onderwerp tot ‘n geestelike onderwerp, en sodoende die persoon se gewilligheid en ontvanklikheid vir die evangelie boodskap te assesseer.

Hier volg ‘n eenvoudige en praktiese hulpmiddel om ‘n gesprek te lei tot ‘n gepaste aanknopingspunt vir die verkondiging van die evangelie:

i. Algemene Onderwerp

Algemene onderwerpe waarvoor ons ‘n gesprek kan aanknoop met iemand aan wie ons die evangelie wil verkondig kan onder andere insluit ‘n skerts oor die regering, ekonomie, belasting, weer, sport, nuus, musiek, motors, modes, kos, ensovoorts. So ‘n gesprek kan dan subtiel begelei word vanaf ‘n algemene onderwerp tot ‘n persoonlike onderwerp deur die vra van ‘n oorgangsvraag: “Het jy enige stokperdjies?” of “Watter werk doen jy?” of “Is jy getroud?” of “Hoeveel kinders / kleinkinders het jy?” Die konteks van die gesprek sal in ag geneem moet word in die keuse van ‘n oorgangsvraag.

ii. Persoonlike Onderwerp

Dit sal die persoon meer gemaklik maak om die evangelie aan te hoor wanneer jy die gesprek na ‘n dieper en meer persoonlike vlak lei. Neem vrymoedigheid om die persoon uit te vra oor sy persoonlike belangstellings, voorkeure, gesin, werk, ensovoorts. Mense hou oor die algemeen daarvan om oor hulleself te praat. Indien die persoon bereid is om oor sy persoonlike lewe te praat is daar ook ‘n kans dat hy / sy gewillig sal wees om oor hul geestelike lewe te praat. Begelei dan die gesprek vanaf ‘n persoonlike onderwerp na ‘n geestelike onderwerp deur die vra van ‘n oorgangsvraag: “Is jy godsdienstig?” of “By watter kerk, indien enige, aanbid jy?” of “Is jou ouers Christene?”

iii. Geestelike Gesprek

Indien die persoon bereid is om oor sy geestelike lewe te praat is die kans goed dat hy / sy jou gaan toelaat om met hul die evangelie van Jesus Christus te deel.

b. Onderzoekende Vrae

Voordat jy wegspring met die verkondiging van die evangelie is dit belangrik om eerstens vas te stel of die persoon met wie jy praat sekerheid van saligheid het of nie, en tweedens is dit belangrik om vas te stel wat die basis van daardie sekerheid is. Dit kan jy uitvind deur die vra van twee eenvoudige diagnostiese vrae:

i. Sekerheid?

“Het jy sekerheid dat jy die ewige lewe het en hemel toe gaan wanneer jy sterf?”

Mense sal gewoonlik reageer op een van twee maniere m.b.t. bogenoemde vraag:

- ‘Geen mens kan seker wees nie.’ Op so ‘n reaksie kan met vrymoedigheid geantwoord word: “Volgens die Bybel is dit nie slegs moontlik nie, maar wenslik dat elkeen wie homself ‘n ‘Christen’ noem sekerheid van saligheid moet geniet. Ons lees: ‘Dit het ek geskrywe aan julle wat glo in die Naam van die Seun van God, sodat julle kan *weet* dat julle die ewige lewe het’ (1Joh.5:13). Dit is dus moontlik volgens God se Woord om te “weet” met sekerheid dat jy die ewige lewe het en hemel toe gaan wanneer jy sterf.”
- ‘Ek is seker.’ Gegewe die vele valse weergawes van die evangelie boodskap in die wêreld is dit belangrik om die persoon se belydenis van sekerheid te toets. Dit mag wees dat hulle ‘n valse sin van sekerheid het wat geskoei is op ‘n valse weergawe van die evangelie boodskap, en dat jy daardie verkeerde begrip moet korrigeer deur die verkondiging van die suiwer Bybelse evangelie boodskap.

Indien die persoon beweert om seker van redding te wees, is dit belangrik om ‘n tweede vraag te vra:

ii. Basis van Sekerheid?

“Veronderstel dat jy nou moes sterf en voor God staan, wat sal jy antwoord as Hy jou vra: ‘Waarom moet ek jou in My hemel toelaat?’”

Hierdie vraag is daarop gemik om vas te stel wat die gronde van die persoon se sekerheid van saligheid is. Soos reeds genoem het sommige mense 'n valse sekerheid van saligheid. D.w.s. hulle dink dat hul saak met God reg is terwyl hulle nog nooit die suiwer Bybelse evangelie boodskap gehoor en positief daarop gereageer het met bekering van sondes en geloof in die verlossingswerk van die Here Jesus Christus nie. Sulke mense sal gewoonlik bogenoemde vraag as volg beantwoord: 'Ek verdien dat God my in Sy hemel toelaat omdat...'

- Ek lei 'n goeie godsdienstige of morele lewe;
- Ek kom vanuit 'n Christelike ouerhuis;
- Ek het kennis omtrent die teologiese leringe van die Bybel;
- Ek is betrokke in die kerk van die Here Jesus Christus;
- Ek het 'n emosionele ervaring gehad by 'n Christelike byeenkoms;
- Ek is gesê deur 'n geestelike leier dat ek 'n Christen op pad hemel toe is;
- Ek het 'n besluit geneem ten gunste van Christenskap.

Indien die persoon bogenoemde vraag nie beantwoord met 'n vaste vertrouwe *uitsluitlik* op die verlossingswerk van die Here Jesus Christus nie, maar dink dat hulle op grond van persoonlike meriete verdien om die ewige lewe te beërwe en hemel toe te gaan, dan het hy / sy 'n valse sekerheid van saligheid. So 'n mens is nog verlore en sal nie die ewige lewe beërwe of die hemel haal nie, want die Bybel leer: "... hulle word *deur sy genade sonder verdienste* geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is" (Rom.3:24).

Aan die persoon wie onseker is oor sy / haar saligheid, of wie ongetwyfeld 'n valse sekerheid van saligheid het, kan die evangelie nou verkondig word...

c. Die Boublokke van die Evangelie

"Kom ek vertel vir jou die goeie nuus omtrent Jesus Christus."

i. God se Heiligheid

- God, ons Skepper, is heilig. Hy is afgesonder van alle boosheid en kan niks met sonde te doen hê nie, soos die Bybel leer: "Heilig, heilig, heilig is die HERE van die leërskare. Die hele aarde is van sy heerlijkheid vol" (Jes.6:3).
- God vereis heiligheid van elkeen van sy skepsels. Die Bybel leer: "Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: Wees heilig, want Ek is heilig" (1Pet.1:15-16).

- God hou elkeen van sy skepsels verantwoordbaar om heilig te leef. Die Bybel leer: “So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee” (Rom.14:12).

[Oorgangstelling]: Hierdie waarheid dompel die mensdom in ‘n desperate krisis.

ii. Ons Sondagheid

- Jy en ek is van nature en deur eie keuse sondaars. Die Bybel leer: “Kyk, in ongeregtheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang” (Ps.51:7), en: “... almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God” (Rom.3:23).
- Ons kan nie onself red uit ons sondenood nie. Die Bybel leer: “Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Joh.14:6).
- Ons verdien die ewige dood in die vure van die hel. Die Bybel leer: “... die loon van die sonde is die dood” (Rom.6:23a).

[Oorgangstelling]: God is heilig en regverdig en moet ons sondes straf. Maar Hy is ook liefde, en weens Sy liefde vir die mens het Hy vir ons ‘n weg gemaak om van ons sondes vergewe te word en met God versoen te word.

iii. God se Oplossing

- Jesus Christus is God, wie mens geword het. Die Bybel leer: “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God ... En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon” (Joh.1:1, 14).
- Jesus Christus het in ons plek vir ons sondes aan die kruis gesterf. Die Bybel leer: “Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring” (1Pet.3:18).

‘n Eenvoudige illustrasie sal die persoon help om die Bybelse konsep van ‘plaasvervanging’ beter te verstaan. Sê aan die persoon: My linkerhand stel myself voor en die Bybel in my linkerhand stel my sonde voor. My regterhand stel vir Jesus voor. God haat my sonde [wys na die Bybel in die linkerhand] en as gevolg van sy heiligheid en geregtigheid moet Hy dit straf. Tog, as gevolg van sy liefde het God vir Jesus na die wêreld gestuur [lig die regterhand op en hou dit parallel aan die linkerhand]. Die Bybel sê: ‘Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het die ongeregthede van ons almal op Hom laat neerkom’ (Jes.53:6). [Terwyl jy die woorde ‘op Hom

laat neerkom' sê, dra die Bybel oor vanaf jou linkerhand na jou regterhand en hou dit daar]. Met Jesus se dood aan die kruis, het God al my sonde en skuld op Hom geplaas.

- Jesus Christus het ook uit die dood opgestaan. Die Bybel leer: “Hy is vanweë ons oortredings oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word” (Rom.4:25 NAB).

[Oorgangstelling]: Die enigste manier waarop ons Jesus Christus se vryspraak kan deel word is deur in Hom te glo. Die Bybel sê: ‘Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo’ (Joh.1:12).

iv. Ons Reaksie

- Om te glo in Jesus Christus beteken om tot bekering te kom van sondes. Die Bybel leer: “Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie; maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind” (Spr.28:13; cf. Hand.3:19; 26:20). Dit is belangrik dat die persoon berou toon oor sondes, want ‘n diepe gebrokenheid oor sondes is die enigste hartsingesteldheid wat sal lei tot opregte bekering soos die Bybel dit definieer.

Nog ‘n eenvoudige illustrasie sal die persoon help om die Bybelse konsep van opregte bekering beter te verstaan: Bekering van sondes is soortgelyk aan dit wat in die weermag gebeur wanneer al die soldate in een rigting marsjeer en die bevel “Omkeer!” gegee word. Almal draai om en marsjeer presies in die teenoorgestelde rigting. Wanneer ons berou het oor sondes en tot bekering kom dan draai ons van ons sondes af weg na Jesus Christus toe.

- Om te glo in Jesus Christus beteken om ‘n vaste vertrouwe te hê in Sy verlossingswerk as die enigste gronde vir vryspraak. Die Bybel leer: “Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie” (Ef.2:8-9).

Nog ‘n eenvoudige illustrasie sal die persoon help om die Bybelse konsep van reddende geloof beter te verstaan: Ons kan geloof in Jesus vergelyk met ‘n vliegtuigrit. Daar is verskeie dinge by betrokke: jy moet ‘n kaartjie hê, jy moet betyds by die lughawe wees, jy moet jou bagasie inweeg en jy moet glo dat die vliegtuig jou sal neem waarheen jy wil gaan. Maar wat is nodig vir jou om die vlug mee te maak? Jy sal nooit die vlug meemaak as jy nie die vliegtuig en bemanningslede genoeg vertrou om fisies aan boord te klim nie. Dit is ook hoe

jy op Jesus moet vertrou. Die enigste manier hoe God se verlossing ‘n realiteit in jou lewe sal word is as jy jouself sonder behoud en in volkome vertrou op Jesus werp vir redding.

- Om te glo in Jesus Christus beteken om Hom te kroon as die Here van jou lewe. Die mees egte bewys van Bybelse bekering en reddende geloof is dat die persoon bereid sal wees om Jesus Christus se roeping tot dissipelskap op te neem en voortaan Sy Here se lering te gehoorsaam en Sy voorbeeld na te boots. Die Bybel leer: “Hy wat sê: Ek ken Hom—en sy geboorte nie bewaar nie—is ’n leuenaar en in hom is die waarheid nie. Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. Hieraan weet ons dat ons in Hom is” (1Joh.2:4-5), en: “Hy wat sê dat hy in Hom bly, behoort self ook so te wandel soos Hy gewandel het” (1Joh.2:6).

d. Leiding tot ‘n Oorgawe

Na die verkondiging van die evangelie boodskap aan die persoon is dit belangrik om seker te maak dat hy / sy ‘n behoorlike begrip van al vier fundamentele boublokke van die evangelie boodskap het, sowel as om die persoon voor ‘n kruispad te stel m.b.t. ‘n reaksie op die vereistes van die evangelie boodskap. Dit kan gedoen word deur die vra van twee eenvoudige vrae:

i. Begripsvraag?

“Maak alles wat ek tot dusver verduidelik het sin?”

Indien die persoon meer duidelikheid benodig omtrent enige aspek van die evangelie boodskap is hierdie die regte tyd om verdere verduideliking te bied. Maar moet nie toelaat dat die persoon die gesprek op ‘n sypaadjie vat nie, want sy / haar ewige siel is op die spel en dit is belangrik om hul te daag voor die mees belangrikste besluit van hul lewens deur die volgende vraag te vra:

ii. Bereidheidsvraag?

“Is jy gewillig om van jou sonde weg te draai en jou geloof nou dadelik in Jesus te plaas?”

Indien die persoon nog tyd benodig om die saak te oordink, respekteer dit en moet hom / haar nie onnodig druk nie. Onthou, dit is uiteindelik God die Heilige Gees se werk om verligting en wedergeboorte te bewerkstellig in die persoon se hart. Maar

indien niks verhinder nie kan hy / sy begelei word d.m.v. gebed om die Here Jesus Christus aan te roep vir redding.

e. Gebed

Die Bybel leer: “Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word” (Rom.10:13). Indien die persoon ‘n behoorlike berou oor sondes, ‘n begrip van die evangelie boodskap, en ‘n begeerte na God se reddende genade het, dan kan hy / sy begelei word om die Naam van die Here Jesus Christus aan te roep d.m.v. gebed vir vergifnis van sondes en versoening met God.

Dit moet genoem word dat daar geen korrekte gebedsformule is wat outomaties lei tot God se vergifnis en versoening nie. Die wederbaringswerk van God die Heilige Gees in die persoon se hart sal bepaal of die persoon God se vergifnis en versoening deelagtig word of nie. God kyk na die hart, en indien die persoon se hart opreg is sal God Sy vergifnis en versoening deur genade skenk. Die gebed om redding hoef nie lank te wees of teologies korrek te wees nie. Dit kan so eenvoudig soos die uitroep van die tollenaar wees: “o God, wees my, sondaar, genadig” (Luk.18:13), waarop die Here Jesus Christus geantwoord het: “Ek sê vir julle, hierdie ... een het geregverdig na sy huis gegaan” (Luk.18:14).

f. Eerste Treë

Dit is van uiterste belang om die persoon, wie positief gereageer het met bekering en geloof op die verkondiging van die evangelie, nou te help om sy / haar eerste treë as Christen te gee. Geestelike groei tot Christelike volwassenheid vind plaas deur die gedissiplineerde beoefening van, onder andere, die volgende geestelike genademiddele:

- Bybeliname;
- Gebed;
- Getuienis; en
- Gemeenskap met ander gelowiges.

Sodra die gelowige bekeerling by ‘n Bybelse kerk ingeskakel het, sal hy / sy voortgehelp word m.b.t. die ander geestelike dissiplines, maar aanvanklik is hierdie vier die belangrikste. Hierdie vier geestelike genademiddele van Christelike groei is soos asemhaling vir die Christen, waarsonder hul geestelike lewe sal kwyn en hul geestelike groei skade sal ly.

Tree 1: Maak seker dat die gelowige bekeerling 'n Bybel het en help hulle met 'n eenvoudige en volhoubare daaglikse Bybellees program¹.

Tree 2: Moedig die gelowige bekeerling aan om deur die loop van elke dag tyd af te staan vir gebed tot God, verkieslik eerste ding in die oggend en laaste ding in die aand.

Tree 3: Moedig die gelowige bekeerling ook aan om te getuig teenoor hul familie en vriende omtrent wat God vir hulle gedoen het. Getuienis versterk die gelowige bekeerling se sekerheid van saligheid.

Tree 4: Dring by die persoon aan om by 'n Bybel-lerende kerk in sy / haar omgewing in te skakel. Bied soveel hulp aan in hierdie verband as moontlik.

4. Die Waarde van 'n Persoonlike Getuienis

'n Persoonlike getuienis van redding is kragtig, want niemand kan met jou argumenteer oor jou persoonlike belewenis van God se reddende genade nie. As sulks is dit van groot waarde, want God die Heilige Gees kan dit gebruik om ander bewus te maak dat Hy vir hulle ook kan doen wat Hy vir jou gedoen het. Hier volg 'n paar behulp same wenke vir die voorbereiding van 'n persoonlike getuienis van redding:

a. Die Drie Aspekte van 'n Persoonlike Getuienis

'n Studie van die apostel Paulus se getuienis van redding in Handeling 26:9-23 is insiggewend in hierdie verband. Paulus getuig omtrent:

- Sy lewe voordat hy vir Jesus Christus aangeneem het (Hand.26:9-11);
- Hoe hy vir Jesus Christus aangeneem het (Hand.26:12-15);
- Sy lewe nadat hy vir Jesus Christus aangeneem het (Hand.26:16-23).

b. Wenke vir die Voorbereiding van 'n Persoonlike Getuienis

- Indien jou getuienis vir jou waardevol en belangrik is, sal dit ook vir ander wees.
- Vra vir God die Heilige Gees om jou te herinner aan die belangrike gebeure rondom jou redding en vir wysheid om die regte woorde tydens jou voorbereiding te kies om daardie gebeure te kommunikeer.

¹ Die 'Discipleship Journal' Bybellees program is 'n uitstekende opsie.

- God eer voorbereiding. Berei jou getuienis sorgvuldig voor sodat jy die reddende genade van God in jou lewe effektief met ander sal kan deel.
- Hou dit kort: ongeveer 3 minute. Dit behoort niks langer as plus minus 500 woorde te wees nie. Gebruik kort eenvoudige frases en algemeen bekende terme.
- Waak teen negatiewe opmerkings en grootpratory. Die doel van 'n persoonlike getuienis van redding is nie om te beklemtoon hoe sleg of goed ek was voor redding nie, maar hoe genadig en goed die Here Jesus Christus is wie my gered het.
- Bly by wat belangrik is. Jy is nie besig om die teologie van redding oor te dra nie, maar bloot net om die verhaal oor te vertel van hoe jy besef het dat jy 'n verlore sondaar was, hoe jy die Here Jesus aangeneem het in gehoorsaamheid aan die evangelie, en hoe Hy jou lewe permanent verander het. Tog is detail oor hierdie drie aspekte van jou getuienis belangrik.

c. 'n Voorbeeld van 'n Persoonlike Getuienis

- My lewe voordat ek vir Jesus Christus aangeneem het:

Ek is in Bloemfontein gebore. Voor my geboorte het my pa vir my ma en my verlaat. My ma het toe met 'n man getrou tydens die depressiejare wie sy gedink het aan haar die nodige sekuriteit kon bied. Ek het in 'n redelik normale huis groot geword. Daar was egter 'n voelbare leemte in my lewe. As jongmens het ek na vervulling en betekenis in my lewe begin soek in die tydelike plesiere van sonde, maar sonder sukses. Ek het toe 'n verandering in een van my skoolvriende opgemerk. Jesus was die verskil. Jesus het my vriend se lewe verander en ek het in my vriend se lewe begin sien dit waarna ek verlang het.

- Hoe ek vir Jesus Christus aangeneem het:

Een middag na skool het ek my vriend gevra en my vriend het vir my verduidelik hoe om 'n Christen te word. Dit was tydens daardie gesprek dat God die Heilige Gees vir my oortuig het dat ek 'n verlore sondaar was, onder die veroordeling van 'n heilige God en op pad na 'n ewigheid in die hel. My vriend het vir my vertel dat Jesus Christus vir my sondes gesterf het aan 'n kruis, en dat, indien ek in Hom glo, ek van my sondes vergewe kan word, in 'n regte verhouding met God herstel kan word en die ewige lewe kan ontvang. Ek het net daar en dan vir Jesus Christus aangeneem deur tot bekering te kom van my sondes, my vertrou te plaas in die verlossingswerk van Jesus Christus as my enigste gronde vir vryspraak, en my lewe aan Hom oorgegee as my Here. Daar was nie klokkies wat gelui het nie, ook nie 'n orkes wat gespeel het

nie, en nog minder 'n helder lig wat my omsingel het. Dit was nie vir my 'n uiteraard emosionele ervaring nie. Ek het egter verseker geweet dat Jesus in my lewe ingekom het.

- My lewe nadat ek vir Jesus Christus aangeneem het:

Ek kan nie sê dat ek nooit weer gesondig het nie, of dat alles skielik reg begin verloop het in my lewe nie. Maar ek het dadelik verandering in my lewe begin opmerk: 'n afsku aan sonde, 'n begeerte na 'n lewe van heiligheid en gehoorsaamheid, en 'n oorweldigende liefde vir Jesus en ander Christene. Hy het my hele lewe verander vir die goeie: my planne, ambisies en doelstellings in die lewe het oornag verander. Ek kan werklik getuig dat Jesus aan my lewe vervulling en betekenis bied.

5. Laaste Opmerkings

- Dit was reeds aan die begin van hierdie werkstuk genoem dat die mandaat om die evangelie te verkondig aan 'n verlore gaande wêreld berus op elkeen van die Here Jesus Christus se dissipels. Daar is dus geen verskoning of regverdiging waarom jy nie voortdurend moet besig wees met evangelieverkondiging nie. Veg voortdurend die neiging van jou sondige natuur om te wil stagneer in 'n gemaksonde m.b.t. evangelieverkondiging. Gehoorsaamheid aan die Here Jesus Christus se mandaat is belangriker as tydelike gemak in hierdie verbygaande wêreld.
- Bid vooraf en gedurende jou verkondiging van die evangelie, want sonder die verligting en wederbaringswerk van God die Heilige Gees (Joh.16:8) sal geen hoeveelheid dinamiese argumente die persoon/e oortuig van hul sondenood en behoefte na 'n Verlosser nie. Dit is God die Heilige Gees wie die verdorwe hart ontvanklik moet maak vir die evangelie boodskap, sodat die persoon/e positief kan reageer daarop met bekering en geloof in die verlossingswerk van ons Here Jesus Christus.
- Moet nie hierdie werkstuk slaafs navolg nie, en moet nie terneergedruk voel indien jy na jou mening nie 'n behoorlike werk gemaak het van die verkondiging van die evangelie boodskap nie. God het al menigte powere pogings van evangelieverkondiging gebruik om Sy uitverkorenes effektiewelik tot redding te roep. Die spreekwoord is altyd waar: 'God slaan 'n reguit hou met 'n krom stok'. Solank jy en ek onself toerus om bruikbare instrumente in

Sy hand te wees, sal Hy ons gebruik om Sy wil in hierdie wêreld te verrig. Wat 'n vertroosting...

- Neem beheer van die gesprek en lei dit in die rigting soos aangedui in hierdie werkstuk. Mense sal dikwels probeer om die gesprek op sypaadjies te neem wanneer jy aan hulle die evangelie verkondig. Indien hulle inbraak maak met opregte en betekenisvolle vrae m.b.t. die onderwerp, beantwoord die vrae, maar moet nie toelaat dat die persoon/e die gesprek annekseer nie. 'n Ewige siel/e is op die spel!
- Maak vanuit die staanspoor vrede met die feit dat jy nie altyd goedgunstig ontvang of aangehoor gaan word wanneer jy die evangelie aan verlore sondaars wil verkondig nie. Mense is oor die algemeen van die opinie dat hulle goeie morele en selfs godsdienstige individue is. Jou insinuasie dat hulle verlore sondaars is gaan jou nie populêr maak nie. Dit is waarom die Here Jesus Christus ook vir Sy dissipels gewaarsku en voorberei het vir die vervolging wat hulle te beurt sou val met hulle verkondiging van die evangelie boodskap (Matt.10:16-39). Hou in gedagte: enige verwerping en selfs vervolging wat jy t.w.v. die evangelie boodskap beleef is nie teen jou persoonlik gemik nie, maar teen die Here Jesus Christus, wie se evangelie dit is. En indien jy met blymoedige hart verwerping en vervolging vir die evangelie boodskap verduur, soos ook die vroeë Christene (Hand.4:23-31; 5:41), sal jou beloning groot wees in die hiernamaals (Matt.5:11-12).
- Hou in gedagte: God het die middel van evangelieverkondiging gekies om verlore sondaars tot redding te roep. Daarom kan Paulus onbeskaamd verklaar: "WANT ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek" (Rom.1:16). Ons kan dus met groot vrymoedigheid vrug verwag op ons verkondiging van die evangelie boodskap. Ons sukses as "vissers van mense" op die lang termyn is gewaarborg, want Jesus het saam met Sy mandaat belowe: "Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen" (Matt.18:20).
- My aanbeveling sou wees om vir die eerste paar kere 'n ervare Christen te vergesel wanneer hy / sy die evangelie verkondig. Wanneer jy meer gemaklik is kan jy op jou eie gaan met volle vertrouwe op die hulp en instaatstelling van God die Heilige Gees. Moet nie dat jou vrees vir mense jou weerhou van gehoorsaamheid aan die Here Jesus Christus se mandaat nie. Let wel: soos alle

dinge in die lewe sal jy al meer gemaklik word met die verkondiging van die evangelie namate jy dit op gereelde basis doen.

6. Uitreik

Die doel van hierdie werkstuk is nie om opgeblase te maak met intellektuele kennis omtrent die verkondiging van die evangelie nie, maar om die leser toe te rus vir gehoorsaamheid aan die Here Jesus Christus se mandaat in Matt.28:19.

Liewe leser, neem wat jy geleer het vanuit hierdie werkstuk en gaan verkondig die evangelie van verlossing en hoop aan 'n verlore wêreld met 'n opregte liefde in jou hart vir elke verlore siel wat God oor jou pad mag stuur!

Addendum: Evangelieverkondiging Boekmerk

‘n Boekmerk wat uitgedruk, uitgekniip, gelamineer en in jou Bybel geplaas kan word is ‘n handige en praktiese hulpmiddel om nie enige van die vier fundamentele boublokke van die suiwer Bybelse evangelie boodskap te vergeet tydens jou evangelieverkondiging nie.

EVANGELIEVERKONDIGING

a. Inleidende Gesprek

- Algemene Onderwerp
- Persoonlike Onderwerp
- Geestelike Onderwerp

b. Ondersoekende Vrae

- Sekerheid? (1Joh.5:13)
- Basis van Sekerheid? (Rom.3:24)

c. Boublokke van die Evangelie

i) God se Heiligheid

- God is heilig (Jes.6:3)
- Vereiste (1Pet.1:15-16)
- Verantwoordbaarheid (Rom.14:12)

[Oorgangstelling: Dit dompel ons in ‘n krisis]

ii) Ons Sondigheid

- Almal Sondaars (Ps.51:7; Rom.3:23)
- Onvermoë (Joh.14:6)
- Veroordeeld (Rom.6:23a)

[Oorgangstelling: Weens sy liefde het God ...]

VOOR

iii) God se Oplossing

- J.C.= God wie mens word (Joh.1:1, 14)
- J.C. sterf (1Pet.3:18)
- J.C. staan op (Rom.4:25)

[Oorgangstelling: Aanneming (Joh.1:12)]

iv) Ons Reaksie

- GLO beteken bekering (Spr.28:13)
- GLO beteken vertroue (Ef.2:8-9)
- GLO beteken dissipelskap (1Joh.2:4-6)

d. Leiding tot Oorgawe

- Begripsvraag?
- Bereidheidsvraag?

e. Gebed

(Rom.10:13)

f. Eerste Treë

- Bybeliname
- Gebed
- Getuienis
- Gemeenskap

AGTER

Vir enige verdere inligting en / of vrae, kontak gerus die skrywer van hierdie werkstuk by:

franzgreffrath@gmail.com; of alternatiewelik: 079 188 1688.